

DIE TOELAATBAARHEID VAN EKONOMIESE GEWELD IN DIE VOLKEREK

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir
die graad Magister Legum in In- en Uitvoerreg aan die Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

deur

HA MYBURG

10869301

Studieleier: Prof GM Ferreira

November 2003

INHOUDSOPGAWE

1	Inleiding	1
2	Die aard van ekonomiese geweld	3
3	Die aard en omvang van artikel 2(4) van die Handves van die Verenigde Nasies.....	8
3.1	Die historiese agtergrond vir die insluiting van artikel 2(4) in die Handves van die Verenigde Nasies.....	9
3.2	Regmatige optrede teenoor onregmatige optrede uit hoofde van artikel 2(4) van die Handves van die Verenigde Nasies	11
3.2.1	Omskrywing van die begrip <i>aggressie</i>	11
3.2.2	Omskrywing van die begrip <i>gewapende geweld</i>	13
3.2.3	Die uitputting van die nie-geweldadige geskilbeslegtingsmetodes.....	15
3.2.4	Gewapende geweld teenoor ekonomiese geweld	15
4	Die reg op selfverdediging uit hoofde van artikel 51 van die Handves van die Verenigde Nasies	18
4.1	Die aard en omvang van artikel 51	18
4.2	Die Caroline-beginsel	20
4.3	Aanmelding van optrede by die Veiligheidsraad	21
4.4	Die reg op selfverdediging teenoor ekonomiese geweld	22
5	Gesanksioneerde optrede deur die Veiligheidsraad	22
5.1	Die aard en doelwit van gesanksioneerde optrede	23
5.2	Ekonomiese geweld teenoor gesanksioneerde optrede	25
6	Gevolgtrekking	28
	Bibliografie	30
	Boeke	30
	Grondwette.....	30
	Hofsake	30
	Internet	30

Tydskrifartikels.....	31
VN Dokumentasie.....	33
Algemene Vergadering	33
Handves.....	34
Veiligheidsraad	34

toepas, doen dit sonder die toestemming van die Veiligheidsraad. Daar bestaan 'n analogie tussen die gebruikmaking van ekonomiese geweld en die gebruikmaking van ekonomiese sanksies in die Volkereg. Hoofstuk VI van die Handves van die Verenigde Nasies magtig die Veiligheidsraad om state te versoek om 'n dispuut wat die internasionale vrede en veiligheid kan bedreig, op 'n vreedsame wyse op te los.⁴ Verder vervul die Veiligheidsraad ook 'n raadgewende funksie ten aansien van moontlike geskilbeslegtingmetodes waar só 'n dispuut tussen state ontstaan.⁵ Indien die dispuut nie vreedsaam opgelos kan word nie, moet dit na die Veiligheidsraad verwys word waarna die Veiligheidsraad 'n besluit kan neem ten aansien van verdere optrede.⁶ Hoofstuk VII maak onder andere voorsiening vir die toepassing van ekonomiese sanksies as 'n strafmaatreeël vir skending van die Volkereg. Ekonomiese sanksies word aangewend om 'n staat se binnelandse of buitelandse beleid te wysig ten einde die skending van die volkeregtelike beginsels te beëindig. Die staat wat die toepassing van ekonomiese sanksies eis, benodig die Veiligheidsraad se toestemming daartoe. Geen melding word in beide Hoofstuk VI of Hoofstuk VII van die Handves van die Verenigde Nasies gemaak van ekonomiese geweld as geskilbeslegtingsmeganisme nie. Beide ekonomiese geweld en ekonomiese sanksies kan dus beskou word as ekonomiese dwangmaatreeëls in die Volkereg, aangesien beide daarop gemik is om 'n staat te dwing om sekere beleidswysigings aan te bring. In beide gevalle kan daar ook van soortgelyke dwangmetodes, soos byvoorbeeld die beëindiging van finansiële hulp, gebruik gemaak word om die beleidswysigings te verseker. Nieteenstaande die onderliggende ooreenkomste, moet hierdie twee konsepte egter duidelik van mekaar onderskei word aangesien elkeen eiesoortige vereistes en kenmerke vertoon.⁷

4 Artikel 33 van die Handves van die Verenigde Nasies.

5 Artikel 36 van die Handves van die Verenigde Nasies.

6 Artikel 37 van die Handves van die Verenigde Nasies.

7 Vergelyk 5.2 *Ekonomiese geweld teenoor gesanksioneerde optrede* vir 'n breedvoerige vergelyking tussen hierdie twee tipes dwangmaatreeëls.

Kan ekonomiese geweld as 'n onregmatige optrede in die Volkereg beskou word weens die afwesigheid van 'n mandaat deur die Veiligheidsraad of weens die feit dat volkeregtelike beginsels daardeur geskend word? Ten einde hierdie vraag te kan beantwoord, moet die begrip ekonomiese geweld eerstens ontleed word ten einde die aard en omvang daarvan te kan bepaal. Artikel 2(4) van die Handves van die Verenigde Nasies plaas 'n verbod op die gebruikmaking van geweld tussen state. Kan ekonomiese geweld tuisgebring word onder die begrip geweld soos vermeld in artikel 2(4)? Tweedens sal 'n ondersoek na die inhoud, aard en omvang van artikel 2(4) derhalwe onderneem moet word. 'n Korrelasie bestaan tussen artikels 2(4) en 51 van die Handves van die Verenigde Nasies,⁸ aangesien daar 'n uitsondering bestaan op die verbod op geweld ingevolge artikel 2(4), naamlik die uitoefening van die reg op selfverdediging kragtens artikel 51. Derdens is dit dus noodsaaklik om die betekenis van artikel 51 behoorlik te ondersoek. Die uitoefening van ekonomiese geweld hoef nie deur die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies gesanksioneer te word nie, maar ekonomiese sanksies wel. Ten slotte ontstaan die vraag of daar enige ooreenkomste is tussen hierdie twee vorme van ekonomiese dwang, en indien wel, tot welke mate?

2 Die aard van ekonomiese geweld

Op internasionale terrein word ekonomiese geweld daagliks deur state uitgeoefen sonder magtiging daartoe deur die Veiligheidsraad – dus word die maatreëls uit eie beweging toegepas. Hierdie maatreëls kan inhou dat 'n staat, gewoonlik 'n ontwikkelde staat, weier om ekonomiese hulp, hetsy gespesifiseerd of algemeen, te verleen of in gevalle waar dit reeds voorheen verleen is, sodanige verlening aan 'n ontwikkelende staat te beëindig ten einde die teikenstaat tot spesifieke beleidsaanpassings te dwing. 'n Staat kan ook ekonomiese geweld uitoefen deur dienste of tegnologie te weier aan 'n ander staat, of deur

8 Bevestig deur Dinstein in McNeill 1990 *The American Journal of International Law*

Paragraaf 1 van resoluie 42/22 van 1987 van die Algemene Vergadering met die titel *Declaration on the Enhancement of the Effectiveness of the Principle of Refraining from the Threat or Use of Force in International Relations*¹³ vereis pertinent dat state moet afsien van alle vorme van inmenging in die huishoudelike aangeleenthede van ander state. Nie alleen word gewapende ingryping, insluitende dreigemente daartoe, verbied nie, maar ook aksies gerig teen die politieke, ekonomiese en kulturele identiteit van 'n staat. Hierdie internasionale kwessie is dus reeds deur die Algemene Vergadering aangespreek, maar resolusies van die Algemene Vergadering dien slegs as aanbevelings en is dus nie bindend op die lidstate nie.¹⁴

'n Probleem wat in hierdie verband ontstaan is die vraag na die grondslag waarop 'n staat kan besluit om ekonomiese geweld uit te oefen. Inkonsekwente toepassing van ekonomiese geweld tussen state is moontlik, aangesien daar nie vasgestelde reëls en metodes is aan die hand waarvan dit moet geskied nie. Die staat wat ekonomiese geweld toepas, beskik oor die algemeen oor die diskresie ten aansien van welke maatreëls toegepas sal word, die wyse waarop dit toegepas sal word asook teen welke staat dit toegepas sal word met inagneming van die doelwit van sodanige optrede. Die enigste vereiste is dat sodanige optrede regsgeldig moet wees, dit wil sê redelike optrede met inagneming van die stategemeenskap se siening en die resultaat waarop dit gemik is. Dit is 'n baie vae toets en die bepaling van die inhoud en afdwinging daarvan geskied arbitrêr deur 'n staat. Die besluit om ekonomiese geweld uit te oefen, berus dus op suiwer politieke oorwegings.

13 Rauschnig, Wiesbrock en Lailach *Key Resolutions* 7-8. Vergelyk ook resoluie 44/215 van 1989 van die Algemene Vergadering wat 'n verbod plaas op ontwikkelde state om ekonomiese dwang uit te oefen ten einde ekonomiese en sosiale stelsels binne 'n ander land te wysig, of om die interne- of eksterne beleid van so 'n staat te verander. Die resoluie stel dit verder duidelik dat enige ekonomiese maatreëls wat teenstrydig is met die bepalings van die Handves van die Verenigde Nasies, absoluut verbied word.

14 Dugard *International Law* 395-396.

'n Nadelige gevolg van ekonomiese geweld is dat 'n staat, veral kleiner derde wêreldstate, dikwels ontnem word van sekere basiese middele wat oorlewing verseker aangesien sodanige staat verhoed word om effektief en aktief deel te neem aan die wêreld ekonomie. Dit het uiteraard ook 'n nadelige invloed op die welstand van die burgers van so 'n land. Die voedsel wat byvoorbeeld nodig is vir oorlewing kan nie ingevoer word nie. Onskuldige individue moet dan die meeste ontbering verduur. Die aanwending van ekonomiese geweld is soms teenstrydig met erkende internasionale beginsels¹⁵ en misken in bepaalde gevalle die individu se universele menseregte. Sentraal tot hierdie regte is die ekonomiese en sosiale regte, waarby ingesluit is die reg op voedsel en gesondheid, wat onlosmaaklik verbind is aan 'n persoon se reg op inherente waardigheid.¹⁶

Die uitoefening van ekonomiese geweld teen 'n ander staat het 'n uitsonderlike invloed op die gewete van 'n bevolking. Tog word geen referendum gehou om die siening van die breë publiek te toets voor die toepassing van die dwangmaatreëls nie. Nuusdekking word gewoonlik gereserveer vir oorlogvoering of die toepassing van sanksies, sodat onkunde oor gevalle van ekonomiese dwang wyd voorkom.

Teenstand teen ekonomiese geweld kan gevind word in die beginsel van die vrye markstelsel,¹⁷ wat beteken dat individue en regspersone oor die keuse beskik om kapitaal te belê waar en op welke wyse ookal dit die meeste wins sal genereer. So beskou is dit duidelik dat ekonomiese geweld teenstrydig is met die genoemde beginsel. Nie alleen word 'n beperking gelê op die wyse en plek van belegging nie, maar dit is ook 'n

15 Vergelyk die *Constitution of the World Health Organization*, 1946 en die *Universal Declaration of Human Rights*, 1948 soos in <http://www.iacenter.org/sanction.htm> 11 April 2002.

16 Artikel 25(1) van die *Universal Declaration of Human Rights*, 1948.

17 Die oogmerk van die vrye markstelsel is om die vrye beweging van goedere, dienste en kapitaal te verseker ten einde die internasionale ekonomie te stimuleer sodat die internasionale stategemeenskap daarby baat kan vind. Ali en Camp 1999 *Managerial Finance* 70.

regmatigheid van 'n optrede word bepaal deur die feite van die besondere geval te ondersoek met inagneming van die stategemeenskap se siening rakende die optrede. Regmatigheid van ekonomiese geweld moet nie alleen na afloop van die uitoefening daarvan ondersoek word nie, maar op enige stadium gedurende die toepassing daarvan.²⁴

3 Die aard en omvang van artikel 2(4) van die Handves van die Verenigde Nasies

State, in die uitoefening van hul buitelandse beleid, handhaaf uiteenlopende sienings oor die aanwending van geweld, hetsy in die vorm van ekonomiese geweld of gewapende geweld. Die posisie wat 'n staat beklee in die internasionale arena sowel as die heersende interne omstandighede sal noodwendig 'n invloed hê op die standpunt wat 'n staat in hierdie verband huldig. Dus sal 'n staat se interne en eksterne belange die deurslaggewende faktor wees.²⁵

'n Ontleding van artikel 2(4) noodsaak 'n ondersoek na die betekenis en omvang van geweld. Die aanwending van geweld tussen state figureer op verskeie wyses, byvoorbeeld deur selfverdediging of aggressie. Die vraag ontstaan egter of ekonomiese geweld tuisgebring kan word onder die verbod op geweld uit hoofde van artikel 2(4) en as sulks verbied word deur genoemde artikel.

Artikel 2(4) van die Handves van die Verenigde Nasies lui as volg:

All member states shall refrain in their international relations from the threat or use of force against the territorial integrity or political independence of any state, or in any other manner inconsistent with the Purposes of the United Nations.

24 Neff 1981 *Columbia Journal of Transnational Law* 436-437.

25 Roberts 1999 *The World Today* 8.

Hierdie artikel verbied dus die eensydige gebruik van geweld of dreigement daartoe wat daarop gemik is om die territoriale integriteit of politieke onafhanklikheid²⁶ van 'n staat te misken of wat andersins teenstrydig is met die Handves van die Verenigde Nasies.²⁷ Hierdie verbod op geweld het reeds die status van *ius cogens* bereik.²⁸ Regmatige aanwending van geweld vind dus alleen plaas waar die politieke onafhanklikheid of territoriale integriteit van 'n staat beskerm word of ter nastrewing van die Handves van die Verenigde Nasies se doelwitte.

Artikel 2(4) stel dit duidelik dat gewelddaanwending slegs tussen state kan plaasvind. Regionale en internasionale instansies word dus uitgesluit.²⁹

3.1 Die historiese agtergrond vir die insluiting van artikel 2(4) in die Handves van die Verenigde Nasies

Die praktyk van oorlogvoering as deel van 'n regering se buitelandse beleid, is reeds in 1928 verbied. In 1928 word die multilaterale verdrag, die *Kellogg-Briand Verdrag*³⁰ gesluit. In artikel 1 van hierdie verdrag word verklaar dat die verdragspartye oorlog as oplossing vir internasionale dispute asook as instrument van nasionale

26 Die territoriale integriteit sowel as die politieke onafhanklikheid van 'n staat stel die nasionale identiteit van 'n staat daar.

27 Hierdie voorskrif is geïnkorporeer in artikel 200(2) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 108 van 1996, en lui soos volg: "Die hoofdoel van die weermag is om die Republiek, sy territoriale integriteit en sy mense te beskerm, in ooreenstemming met die Grondwet en die volkeregterlike beginsels met betrekking tot die aanwending van mag." Verskeie resolusies deur die Algemene Vergadering steun hierdie verbod, met die gevolg dat die *ius cogens* status van die verbod daardeur bevestig word. Vergelyk Dugard *International Law* 41; paragraaf 1 van resoluie 2160 (XXI) van 1966 van die Algemene Vergadering in Rauschnig, Wiesbrock en Lailach *Key Resolutions* 2-3; paragraaf 1 van resoluie 42/22 van 1987 van die Algemene Vergadering in Rauschnig, Wiesbrock en Lailach *Key Resolutions* 7-8.

28 Bevestig in *Nicaragua v VSA* Merits 1986 ICJ Report 14 op 98-100.

29 Roberts 1999 *The World Today* 10.

30 Gesluit op 27 Augustus 1928. Ook bekend as die *Verdrag van Parys* (die verdrag is daar gesluit) asook die *Treaty for the Renunciation of War*. Hierdie verdrag het steeds regswerking en beklee die status van gewoonregterlike Volkereg. Suid-

regeringsbeleid, verwerp. Enige dispute wat tussen state mag ontstaan, moet op 'n vreedsame en ordelike wyse opgelos word.³¹ Ten spyte van die idealistiese aard van hierdie verdrag, kon die Tweede Wêreldoorlog nie hierdeur verhoed word nie.³² 'n Belangrike faset wat uit die betrokke verdrag voortgevloei het, is die erkenning van die reg op selfverdediging as slegs 'n vorm van defensiewe optrede deur state.³³ Die verdrag bevat egter nie 'n omvattende omskrywing van die aard en omvang van geweldaanwending nie, 'n leemte wat eers gedeeltelik deur onder andere resoluë 3314(XXIX)³⁴ van die Algemene Vergadering reggestel is.³⁵

Die Handves van die Verenigde Nasies is in 1945 na afloop van die Tweede Wêreldoorlog geformuleer. Internasionaal het die behoefte ontstaan om die moontlikheid van 'n soortgelyke gebeurtenis te verhoed.³⁶ Die gevolg was die insluiting van artikel 2(4) in die Handves van die Verenigde Nasies. Die reg op oorlogvoering as deel van regeringsbeleid is totaal uitgesluit, maar die reg op selfverdediging word steeds erken in artikel 51 van die Handves van die Verenigde Nasies.³⁷

Afrika is een van die ondertekenaars van hierdie verdrag. Brownlie 2001 <http://www.europaeum.org/lectbrow.shtml> 9 Julie 2002.

31 Hierdie siening is ook vervat in artikel 10 van die Handves van die Volkebond, wat soos volg lui: "... there is an obligation by members to respect and preserve as against external aggression the territorial integrity and existing political independence of all members of the League". Dié Handves erken ook die reg op selfverdediging deur state. Rogoff en Collins 1990 *Brooklyn Journal for International Law* 504-505.

32 Alhoewel die doel van die verdrag die bevordering van internasionale vrede en veiligheid was, het die afwesigheid van enige afdwingsmaatreëls noodwendig die effektiwiteit van die verdrag nadelig beïnvloed.

33 Brownlie 2001 <http://www.europaeum.org/lectbrow.shtml> 9 Julie 2002.

34 Resoluë 3314(XXIX) van 1974 van die Algemene Vergadering met die titel *Definition of Aggression*.

35 Green 1989 *Columbia Journal of Transnational Law* 495.

36 Bevestig in resoluë 50/6 van 1995 van die Algemene Vergadering in Rauschnig, Wiesbrock en Lailach *Key Resolutions* 578.

37 Farer 1985 *The American Journal of International Law* 409-410.

3.2 Regmatige optrede teenoor onregmatige optrede uit hoofde van artikel 2(4) van die Handves van die Verenigde Nasies

Alle optrede tussen state moet in navolging van die doel van die Handves van die Verenigde Nasies plaasvind, naamlik die bevordering en bewaring van die internasionale vrede en veiligheid.³⁸

3.2.1 Omskrywing van die begrip *aggressie*

Die Algemene Vergadering het in resoluie 3314(XXIX) van 1974 getiteld *Definition of Aggression*³⁹ 'n omvattende omskrywing verskaf van dade wat aggressie daarstel. Aggressie is die mees ekstreme vorm van die onregmatige gebruikmaking van geweld. Die definisie moet aangewend word waar die meriete van 'n bepaalde geval van geweldsaanwending in die lig van die omringende omstandighede bepaal moet word. Die ondergenoemde artikels verduidelik die inhoud van die begrip aggressie en moet ingevolge artikel 8 van die resoluie, as 'n eenheid geïnterpreteer word.

Artikel 1 bevestig dat aggressie die vorm aanneem van gewapende geweld tussen state. Hierdie geweld is gerig op die aantasting van die territoriale integriteit of politieke onafhanklikheid van state en bedreig internasionale vrede en veiligheid. Die definisie vind aanwending ongeag of die state wat by die geweld betrokke is, lidstate van die Verenigde Nasies is.

Artikel 2 bepaal dat 'n aggressor se optrede *prima facie* aggressie daarstel. Die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies beskik egter oor

38 Bevestig in verskeie resolusies van die Algemene Vergadering wat as hoofdoel van die Verenigde Nasies stel "to take effective collective measures for the prevention and removal of threats to the peace and for the suppression of acts of aggression or other breaches of the peace." Vergelyk resoluie 503(VI) van 1952 van die Algemene Vergadering in Rauschnig, Wiesbrock en Lailach *Key Resolutions* 81; resoluie 34/88 van 1978 van die Algemene Vergadering in Rauschnig, Wiesbrock en Lailach *Key Resolutions* 57.

39 Rauschnig, Wiesbrock en Lailach *Key Resolutions* 13-14.

'n diskresie om in die lig van die omstandighede te bevind dat so 'n optrede, weens die aard of die geringe gevolge daarvan, nie aggressie daarstel nie.

Die volgende dade kwalifiseer uit hoofde van artikel 3 as dade van aggressie, ongeag of die betrokke optrede uit hoofde van 'n oorlogsverklaring plaasvind:

- 'n gewapende aanval, en enige militêre okkupasie daaruit voortspuitend, teen die territoriale soewereiniteit van 'n ander staat. Die tydperk van okkupasie is irrelevant. Inlywing van die geheel of 'n gedeelte van die grondgebied by dié van die aanvallende staat, word eweneens as 'n daad van aggressie beskou;
- bombardering of die gebruik van ander soorte wapens teen die grondgebied van 'n ander staat;
- 'n aanval geloods teen die lugmag, vloot of weermag van 'n ander staat;
- enige gewapende magte wat hulle op die grondgebied van 'n ander staat met daardie staat se toestemming bevind, maar die grense van hul mandaat oorskry;
- 'n staat wat sy grondgebied aan 'n ander staat beskikbaar stel vir 'n daad van aggressie teen 'n derde staat;
- die stuur van informele verdedigingsmagte (waaronder gewapende bendes, nie-amptelike troepe of huursoldate) om dade van aggressie op die grondgebied van 'n ander staat te pleeg.

Bogenoemde verteenwoordig nie 'n *numerus clausus* nie, aangesien die Veiligheidsraad ingevolge artikel 4 oor 'n diskresie beskik om *ad hoc* te bepaal of 'n sekere optrede aggressie daarstel. Verwre gegrond op ekonomiese, politieke of militêre oorwegings, bied nie

regverdigingsgronde vir dade van aggressie nie.⁴⁰ Artikel 5(2) bepaal dat aggressie 'n kriminele oortreding daarstel.⁴¹ 'n Staat wat hom aan aggressie skuldig maak, doen aanspreeklikheid op uit hoofde van die Volkereg. Nie alleen word die daad van aggressie verbied nie, maar ook propaganda ten gunste daarvan.⁴² Enige voordeel voortvloeiend uit die daad van aggressie word ook as 'n voordeel wat onregmatig bekom is, beskou.⁴³

Artikel 6 bevestig dat hierdie resoluëie slegs die *status quo* handhaaf ten aansien van die regsgeldige gebruikmaking van gewapende geweld en nie die aard en omvang van gewapende geweld beperk of uitbrei nie.

'n Staat se reg op selfbeskikking, vryheid en onafhanklikheid, veral waar daardie reg geweldig ontnem is as gevolg van rassisme of kolonialisme, word uit hoofde van artikel 7 bevestig. Die bepalings van artikel 3 beperk geensins die verwesenliking van hierdie reg nie.

3.2.2 Omskrywing van die begrip *gewapende geweld*

In die *Nicaragua*-saak⁴⁴ word die begrip *gewapende aanval* ontleed en die hof kom tot die konklusie dat dit normaalweg 'n militêre aanval impliseer, hetsy deur die vloot, lug- of weermag, maar dat dit in die praktyk selfs wyer uitgelê moet word. 'n Staat tree egter nie noodwendig deur sy amptelike verdedigingsmagte op nie, maar maak ook gebruik van nie-amptelike magte of geheime magte of verleen hulp aan rebellegroepe binne die gebied van die teikenstaat. Die gebruikmaking van hierdie moderne vorme van gewapende geweld, vind toenemend plaas. Hierdie aspekte kan dus ook tuisgebring word onder die definisie

40 Artikel 5(1) van resoluëie 3314(XXIX) van 1974 van die Algemene Vergadering.

41 Dade van aggressie is sedert *Nuremberg* onwettig verklaar. Green 1989 *Columbia Journal of Transnational Law* 496.

42 Paragraaf 1 van resoluëie 2625(XXV) van 1970 van die Algemene Vergadering in Rauschnig, Wiesbrock en Lailach *Key Resolutions* 3-4.

43 Artikel 5(3) van resoluëie 3314(XXIX) van 1974 van die Algemene Vergadering.

44 1986 ICJ Report 14 van 108, 118-119. Die *Nicaragua*-saak was 'n duidelike poging om die gebruik van geweld internasionaal te probeer beperk. Vergelyk Moore 1987 *The American Journal of International Law* 152.

van 'n gewapende aanval.⁴⁵ Volgens Moore⁴⁶ het die hof in die *Nicaragua*-saak gefouteer deur te verklaar dat hulpverlening van hierdie aard nie as 'n gewapende aanval beskou moet word nie. Die siening wat die hof gehuldig het is duidelik teenstrydig met die Algemene Vergadering se definisie van aggressie.

'n Standpunt word gehuldig dat artikel 2(4) enige vorm van geweld wat 'n staat se belange mag bedreig, verbied. State moet hulle nasionale belange kan beskerm teen eksterne magte onderhewig aan die vereistes van proporsionaliteit en noodsaaklikheid. Volgens hierdie standpunt word ekonomiese geweld ook as geweld uit hoofde van artikel 2(4) beskou.⁴⁷ Farer⁴⁸ verwerp egter hierdie standpunt. Volgens hom word slegs gewapende geweld deur artikel 2(4) van die Handves van die Verenigde Nasies verbied. Sy standpunt word ondersteun deur die interpretasie van die begrip *aggressie* wat dit duidelik stel dat die verbod op geweld uit hoofde van artikel 2(4) 'n verbod op gewapende geweld daarstel.

Die Handves van die Verenigde Nasies bevestig in die aanhef⁴⁹ en in artikel 46⁵⁰ dat die aanwending van geweld wat uit hoofde van artikel 2(4) verbied word, neerkom op 'n verbod op gewapende geweld.⁵¹

Moderne vorme van aanwending van geweld, veral strategiese geweld,⁵² is ook nie alleen gemik op die verkryging van 'n ander staat se grondgebied of op afskrikking nie, maar kan ook dien as instrument om

45 Bevestig in Brownlie 2001 <http://www.europaeum.org/lectbrow.shtml> 9 Julie 2002.

46 Moore 1987 *The American Journal of International Law* 154. Vergelyk resoluë 3314(XXIX) van 1974 van die Algemene Vergadering.

47 Farer 1985 *The American Journal of International Law* 408-409.

48 Farer 1985 *The American Journal of International Law* 408-409.

49 Die aanhef van die Handves van die Verenigde Nasies vereis pertinent dat die gebruik van gewapende geweld beperk moet word tot gevalle van gemeenskaplike belang. In die afwesigheid van gemeenskaplike belang moet alternatiewe metodes gevolg word.

50 Artikel 46 van die Handves van die Verenigde Nasies magtig die Veiligheidsraad om besluite te neem rakende die toepassing van gewapende geweld.

51 Dugard *International Law* 414.

52 Roberts 1999 *The World Today* 9.

die teikenstaat tot 'n bepaalde optrede te dwing.⁵³ Die aggressor in so 'n geval beskik gewoonlik oor groter en meer gesofistikeerde magte as die verdedigende staat, wat dwang uiteraard vergemaklik.

3.2.3 Die uitputting van die nie-geweldadige geskilbeslegtingsmetodes

Internasionale dispute moet op 'n vreedsame wyse opgelos word, onder andere by wyse van onderhandeling deur diplomatieke kanale, mediasie, arbitrasie, ondersoekkommissies, konsiliasie, geregtelike skikking, deelname deur regionale instansies ten einde 'n ooreenkoms te bereik of enige ander vreedsame wyse na gelang van omstandighede.⁵⁴ Aanwending van vreedsame samesprekings sal die behoud van vertroue tussen state aanmoedig asook begrip vir die onderskeie sienings kweek en versterk.⁵⁵ Alleen wanneer die vreedsame geskilbeslegtingsmetodes uitgeput is, is gewapende geweld as 'n laaste uitweg beskikbaar.⁵⁶

3.2.4 Gewapende geweld teenoor ekonomiese geweld

Die aanwending van beide gewapende geweld en ekonomiese geweld dui daarop dat die betrokke state nie meer kan saamwerk ten einde 'n oplossing te vind nie. Die oorhoofse doelwit by die aanwending van beide gewapende geweld en ekonomiese geweld is die wysiging van 'n ander staat se binnelandse- of buitelandse beleid. Die toepassing van ekonomiese geweld en gewapende geweld het ook indirekte gevolge soos byvoorbeeld die burgers wat ontnem word van noodsaaklike dienste en voedsel.

53 Hierdie strategiese aanwending van geweld is daarop gemik om die teikenstaat te dwing om sekere beleidswysigings te aanvaar. Strategiese geweld toon ooreenkomste en verskille met ekonomiese geweld. Met inagneming van die doelwit wat bereik moet word, kom dit ooreen met ekonomiese geweld deurdat beide 'n wysiging in beleid beoog. Die verskil is geleë in die wyse van dwanguitoefening. Ekonomiese geweld word uitgeoefen by wyse van byvoorbeeld handelsbeperkinge, terwyl strategiese aanwending van geweld 'n daadwerklike gewapende aanval veronderstel.

54 Paragraaf 1 van resolusie 2625(XXV) van 1970 van die Algemene Vergadering in Rauschnig, Wiesbrock en Lailach *Key Resolutions* 3-4; Artikel 33(1) van die Handves van die Verenigde Nasies.

55 Ali en Camp 1999 *Managerial Finance* 69.

56 Artikel 33(1) van die Handves van die Verenigde Nasies.

Gewapende geweld verskil van ekonomiese geweld daarin dat ekonomiese geweld 'n *vreedsame oplossing* is in die sin dat daar nie daadwerklike geweld toegepas word nie, maar alleen ekonomiese druk. 'n Staat kan slegs oorgaan tot die gebruik van gewapende geweld nadat alle beskikbare diplomatieke kanale gebruik is.

Ten einde gewapende geweld regsgeldig te kan uitoefen, word 'n mandaat daartoe deur die Veiligheidsraad vereis. Sodanige mandaat kan verleen word uit hoofde van artikel 42 van die Handves van die Verenigde Nasies. Die Veiligheidsraad kan uit hoofde van artikel 42 die gebruik van gewapende geweld toelaat indien dit noodsaaklik is om internasionale vrede en veiligheid te herstel of te handhaaf. Artikel 51 waarborg die inherente reg op individuele of kollektiewe selfverdediging as erkende uitsondering op die verbod op die gebruikmaking van geweld. 'n Staat wat in selfverdediging optree pas dan gewapende geweld toe sonder die Veiligheidsraad se toestemming totdat die Veiligheidsraad alternatiewe maatreëls daargestel het. Geen mandaat word benodig vir die uitoefening van ekonomiese geweld nie, aangesien 'n staat uit eie beweging besluit om ekonomiese geweld uit te oefen sonder om van gewapende geweld gebruik te maak.

Die uitoefening van gewapende geweld deur 'n staat word deurentyd gekontroleer deur die Veiligheidsraad. Kontrole deur 'n erkende en gerespekteerde instansie soos die Veiligheidsraad mag moontlik die regverdigbaarheid van gewapende geweld versterk. Nie alleen moet die resultate regverdigbaar wees nie, maar ook die metodes wat aangewend word om die doel te bereik. 'n Staat wat ekonomiese geweld toepas word nie in sy optrede gekontroleer nie. Derhalwe word so 'n staat dus nie beperk ten aansien van die aard van die optrede of die omvang daarvan nie.

Artikel 2(4) van die Handves van die Verenigde Nasies poog nie om die aanwending van ekonomiese geweld te reguleer nie, aangesien die

gangbare interpretasie van hierdie artikel dit duidelik stel dat artikel 2(4) slegs na gewapende geweld verwys.⁵⁷ Die standpunt dat ekonomiese geweld tuisgebring kan word onder die verbod op geweld in artikel 2(4), kan moontlik geregverdig word indien 'n bepaalde metode van uitleg van die Handves gevolg word. Die algemene riglyn is dat indien twee moontlike interpretasies toelaatbaar is, die een wat die minste van die bestaande reg afwyk, gevolg moet word.⁵⁸ Die Handves van die Verenigde Nasies stel dit egter duidelik dat behoud van internasionale vrede en veiligheid die hoofdoel is en dat gewapende geweld voorkom moet word omdat dit juis 'n bedreiging vir internasionale vrede en veiligheid inhou. Geen melding word van ekonomiese geweld gemaak nie. Ekonomiese geweld kan ook nie onder die definisie van aggressie tuisgebring word nie⁵⁹ en as sodanig stel dit nie 'n skending van artikel 2(4) van die Handves van die Verenigde Nasies daar nie.

Die enigste erkende geval waar ekonomiese geweld die internasionale vrede en veiligheid kan bedreig, word ontleen aan die *Declaration on Principles of International Law Concerning Friendly Relations and Co-operation Among States in Accordance with the Charter of the United Nations*.⁶⁰ Indien die oogmerk van ekonomiese geweld is om 'n bestaande staat te vernietig of by die aggressor se gebied in te lyf, sal die teikenstaat se politieke onafhanklikheid of territoriale integriteit daardeur bedreig of geskend word.⁶¹ In hierdie geval sal die gebruikmaking van ekonomiese geweld onregmatig wees aangesien die optrede 'n bedreiging vir internasionale vrede en veiligheid inhou. 'n Kousale verband moet egter tussen die aanwending van ekonomiese geweld en die doelwit daarvan bestaan.⁶² Ekonomiese geweld kan die ekonomiese en sosiale regte van die burgers van die teikenstaat

57 Vergelyk 3.2.1 Omskrywing van die begrip aggressie.

58 Farer 1985 *The American Journal of International Law* 409-410.

59 Farer 1985 *The American Journal of International Law* 409-410.

60 Resolusie 2625(XXV) van 1970 van die Algemene Vergadering in Rauschnig, Wiesbrock en Lailach *Key Resolutions* 2.

61 Green 1989 *Columbia Journal of Transnational Law* 495.

62 Farer 1985 *The American Journal of International Law* 413.

aantas.⁶³ 'n Burger se reg op voedsel en algemene gesondheid soos gewaarborg deur artikel 25(1) van die *Universal Declaration of Human Rights* kan misken word. Growwe miskenning en inbreukmaking op menseregte as nuwe-effek van ekonomiese geweld opsigself affekteer nie noodwendig die regsgeldigheid van ekonomiese geweld nie. Sodanige optrede bly regsgeldig mits 'n geoorloofde doel daarmee nagestreef word.⁶⁴

4 Die reg op selfverdediging uit hoofde van artikel 51 van die Handves van die Verenigde Nasies

4.1 Die aard en omvang van artikel 51

Die Handves van die Verenigde Nasies bevat 'n inherente reg op selfverdediging, 'n erkende uitsondering op die verbod op geweld tussen state uit hoofde van artikel 2(4).⁶⁵ Artikel 51 lui as volg:

Nothing in the present Charter shall impair the inherent right of individual and collective self-defence if an armed attack occurs against a Member of the United Nations, until the Security Council has taken the measures necessary to maintain international peace and security. Measures taken by Members in the exercise of this right of self-defence shall be immediately reported to the Security Council and shall not in any way affect the authority and responsibility of the Security Council under the present Charter to take at any time such action as it deems necessary in order to maintain or restore international peace and security.

Die woord *inherent* dui daarop dat die gewoonteregtelike beginsels ten aansien van die reg op selfverdediging in die Handves geïnkorporeer is.⁶⁶ Die reg op voorkomende selfverdediging word as 'n gewoonregtelike

63 Artikel 25(1) van die *Universal Declaration of Human Rights* lui soos volg: "Everyone has the right to a standard of living adequate for the health and well-being of himself and his family, including food, clothing, housing and medical care and necessary social services ..."

64 Farer 1985 *The American Journal of International Law* 413.

65 Die verbod op die gebruikmaking van geweld word as *ius cogens* in die Volkereg beskou, en vereis as sulks absolute nakoming. Vergelyk Dugard *International Law* 413.

66 Kritsiotis 1996 *International and Comparative Law Quarterly* 165.

volkeregtelike beginsel beskou.⁶⁷ Daarteenoor word die standpunt gehuldig dat artikel 51 die gewoonregtelike beginsels ten opsigte van selfverdediging totaal en al vervang het en dat die reg op selfverdediging slegs in antwoord op 'n gewapende aanval soos in artikel 51 bepaal, uitgeoefen kan word. In die *Nicaragua*-saak is eersgenoemde argument ondersteun met die gevolg dat die reg op voorkomende selfverdediging steeds erkenning geniet omdat dit in die reg op selfverdediging uit hoofde van artikel 51, geïnkorporeer is.⁶⁸

Artikel 51 stel die uitsondering ten aansien van die aanwending van gewapende geweld duidelik. State kan alleen van gewapende geweld gebruikmaak in die uitoefening van die reg op selfverdediging in antwoord op 'n gewapende aanval of teen 'n dreigende gewapende aanval.⁶⁹ Die reg op selfverdediging kan uitgeoefen word ter beskerming van 'n staat se territoriale integriteit, politieke onafhanklikheid, eiendom en burgers.⁷⁰

'n Onderskeid kan getref word tussen individuele en kollektiewe selfverdediging. Die uitoefening van die reg op selfverdediging deur 'n enkele staat, stel individuele selfverdediging daar. Indien 'n staat wat die teiken is van 'n gewapende aanval, bygestaan word deur 'n hulpverlenende staat in die uitoefening van die reg op selfverdediging, word selfverdediging kollektief uitgeoefen. Die hulpverlenende staat se veiligheid moet egter ook bedreig word deur die gewapende aanval.⁷¹

67 Greig 1991 *International and Comparative Law Quarterly* 370. Brownlie is van mening dat die gewoonregtelike reëls ten aansien van die reg op selfverdediging strook met dié vervat in die Handves van die Verenigde Nasies. Brownlie 2001 <http://www.europaeum.org/lectbrow.shtml> 9 Julie 2002.

68 *Nicaragua v VSA* 1986 ICJ Report at 94 soos vertolk in Dugard *International Law* 418-419.

69 Die inherente reg op selfverdediging kan uitgeoefen word teen 'n daadwerklike militêre aanval en kan ook dien as 'n voorkomende maatreël teen 'n dreigende aanval. Kritsiotis 1996 *International and Comparative Law Quarterly* 171. Bevestig in Greig 1991 *International and Comparative Law Quarterly* 367.

70 Sofaer 1991 *Columbia Journal of Transnational Law* 281.

71 Henkin 1991 *Columbia Journal of Transnational Law* 306-307.

McNeill⁷² huldig die siening dat die reg op selfverdediging nie beperk word deur die omvang of effek van die gewapende aanval nie.⁷³ In die *Nicaragua*-saak is daar egter bevind dat nie alle gevalle van gewapende geweld noodwendig op aggressie neerkom nie. Ten einde as aggressie te kan kwalifiseer, moet 'n gewapende aanval 'n sekere omvang en effek hê.⁷⁴

4.2 Die Caroline-beginsel

Die *Caroline*-insident van 1837 het 'n belangrike invloed op die ontwikkeling van die reg op selfverdediging gehad.⁷⁵ Hierdie insident het tot gevolg gehad dat sekere beperkings op die begrip selfverdediging gelê is en dat sekere internasionaal aanvaarde voorwaardes vir die uitoefening daarvan gestel is. Webster, die Verenigde State van Amerika se Minister van Buitelandse Sake gedurende hierdie tydperk, het in 'n brief aan die Britse Minister Henry Fox die omstandighede en voorwaardes vir uitoefening van die reg op selfverdediging gedefinieer. Webster bevestig in die skrywe dat die reg op selfverdediging alleen tussen state uitgeoefen kan word. Die omvang van die reg op selfverdediging asook die regmatigheid van die uitoefening daarvan, moet *ad hoc* bepaal word in die lig van die omringende omstandighede. Die staat wat die reg uitoefen moet kan aantoon dat

the armed attack was instant, overwhelming, leaving no choice of means, and no moment for deliberation; that the state acting in self-defence did nothing unreasonable or excessive; and that the act, justified by the necessity of

72 McNeill 1990 *The American Journal of International Law* 307 word ondersteun in sy siening deur verskeie gesaghebbende skrywers ondersteun.

73 McNeill 1990 *The American Journal of International Law* 307.

74 In die *Nicaragua*-saak is beslis dat 'n grensinsident nie as 'n gewapende aanval geklassifiseer sal word nie alhoewel die gebruik van gewapende geweld betrokke is omdat die omvang en effek van die gewapende geweld beperk sal wees. McNeill 1990 *The American Journal of International Law* 307.

75 Die *Caroline*, 'n stoomboot, geregistreer in die Verenigde State van Amerika is aangeval en vernietig deur Britse magte. Engeland het die aanval op die stoomboot as selfverdediging beskou. Die Verenigde State van Amerika daarteenoor was van mening dat die aanval 'n vorm van onregmatige geweldsaanwending teen die Verenigde State van Amerika was. Rogoff en Collins 1990 *Brooklyn Journal for International Law* 496-497.

self-defence, was limited by that necessity, and kept clearly within it.

Ingevolge die *Caroline*-beginsel moet die aanwending van geweld noodsaaklik⁷⁶ en proporsioneel⁷⁷ wees. Hierdie standpunt word steeds gehuldig aangesien die oorhoofse doel van die Handves van die Verenigde Nasies asook die stategemeenskap se belange hierdeur gedien word.⁷⁸ Die *Caroline*-beginsel word beskou as gewoonregtelike Volkereg.⁷⁹

4.3 Aanmelding van optrede by die Veiligheidsraad

Artikel 51 stel dit duidelik dat indien 'n staat uit hoofde van die reg op selfverdediging optree, daardie optrede onmiddellik aan die Veiligheidsraad gerapporteer moet word. Verdere optrede deur die Veiligheidsraad bring die reg van die staat om uit eie beweging op te tree, tot 'n einde. Die rapporteringsvereiste uit hoofde van artikel 51 van die Handves van die Verenigde Nasies, word nie in die gewoonregtelike Volkereg aangetref nie.⁸⁰ 'n Staat wat uit hoofde van die reg op selfverdediging optree, word egter nie vrygestel van die rapporteringsplig omdat daar geen soortgelyke plig in die gewoonregtelike Volkereg aangetref word nie. Die plig om die Veiligheidsraad in te lig ten aansien van selfverdedigende optrede, is dus gebiedend.⁸¹

76 Die aanwending van geweld word geag noodsaaklik te wees indien daar "no time for deliberation, no time for contrivance, no time for warning, no time for diplomatic expostulation" is. Rogoff en Collins 1990 *Brooklyn Journal for International Law* 498-499.

77 Die aard en omvang van die selfverdediging wat aangewend word, word beperk tot die wyse en omvang wat noodsaaklik is om die gestelde doel te bereik. Rogoff en Collins 1990 *Brooklyn Journal for International Law* 498-499.

78 Paust 1987 *The American Journal of International Law* 509.

79 Rogoff en Collins 1990 *Brooklyn Journal for International Law* 494-498. Die feit dat hierdie beginsel reeds gewoonteregtelike status bereik het, het tot gevolg dat alle state, en nie slegs lidstate van die Verenigde Nasies nie, aan hierdie beginsel onderworpe is. Vergelyk Green 1989 *Columbia Journal of Transnational Law* 497.

80 Greig 1991 *International and Comparative Law Quarterly* 379.

81 Greig 1991 *International and Comparative Law Quarterly* 379-380.

4.4 Die reg op selfverdediging teenoor ekonomiese geweld

Die inhoud van artikel 51 van die Handves van die Verenigde Nasies skep regsekerheid ten aansien van die reg op selfverdediging deurdat pertinent bepaal word dat dié reg in antwoord op 'n gewapende aanval of as voorkomende selfverdediging uitgeoefen kan word. Ekonomiese geweld is die gebruikmaking van vreedsame metodes van ekonomiese dwang en nie gewapende geweld nie. Die reg op selfverdediging kan dus nie in antwoord op ekonomiese geweld uitgeoefen word nie.

5 Gesanksioneerde optrede deur die Veiligheidsraad

Die aanwending van gewapende geweld het noodwendig ingrypende gevolge vir die soewereiniteit van 'n staat. Indien 'n staat op hierdie wyse sou wou optree, word óf 'n eksplisiete mandaat daartoe deur die Veiligheidsraad vereis óf 'n staat moet die inherente reg op selfverdediging uit hoofde van artikel 51 uitoefen. Die resoluëie deur die Veiligheidsraad aanvaar moet dus pertinent die gebruikmaking van gewapende geweld magtig.⁸² Die Veiligheidsraad sal egter nie geredelik

82 Vergelyk resoluëie 1368 van die Veiligheidsraad uitgereik op 12 September 2001, die dag na die aanval op die World Trade Centre in die Verenigde State van Amerika. In genoemde resoluëie is daar slegs in die aanhef melding gemaak van die gebruikmaking van geweld. In die operasionele gedeelte word gestel dat die Verenigde State van Amerika "alle nodige middele" kan aanwend. Ulfstein 2001 http://www.ejil.org/forum_WTC/messages/5.html 9 Julie 2002 meen dat hierdie woorde egter nie so wyd uitgelê moet word dat die gebruikmaking van gewapende geweld daardeur gemagtig word nie. Die gebruikmaking van gewapende geweld kan 'n inbreukmaking op 'n staat se territoriale soewereiniteit daarstel en daarom word uitdruklike magtiging daartoe vereis. In hierdie geval het die Verenigde State van Amerika egter nie op grond van 'n mandaat 'n gewapende aanval geloods nie, maar wel op grond van die reg op kollektiewe selfverdediging. Vergelyk ook resoluëie 678 van die Veiligheidsraad wat lidstate gemagtig het om "alle nodige middele" teen Irak in die Golfoorlog van 1991 aan te wend. Onder leierskap van die Verenigde State van Amerika is daar van geweld gebruik gemaak om Irak uit Koewait te verdryf. Ook in hierdie geval steun die Verenigde State van Amerika nie op magtiging tot gebruikmaking van gewapende geweld deur die Veiligheidsraad uit hoofde van artikel 42 van die Handves van die Verenigde Nasies nie, maar wel op grond van die reg op kollektiewe selfverdediging. Dugard *International Law* 406. Daar word egter algemeen aanvaar dat die insluiting van die frase "alle nodige middele" in 'n resoluëie deur die Veiligheidsraad die gebruik van gewapende geweld magtig. Vergelyk Smith 2003 http://www.fcni.org/issues/int/sup/iraq_authority320-03.htm 5 November 2003 en Bowring 2003 <http://members.tripod.com/kosovo99/all.htm> 5 November 2003.

'n resolusie ten gunste van die aanwending van gewapende geweld aanvaar nie, aangesien state verskillende beweegredes en soms verskuilde agendas het rakende die gebruikmaking van hierdie tipe geweld. Oor die algemeen sal resolusies dus 'n vreedsame politieke proses sanksioneer, alhoewel dit steeds op dwang mag neerkom. Die Veiligheidsraad moet *ad hoc* kragtens artikel 39 van die Handves van die Verenigde Nasies bepaal of 'n optrede die internasionale vrede en veiligheid bedreig. Daarna moet besluit word op die gepaste optrede uit hoofde van óf artikel 41 óf artikel 42, soos vervat in hoofstuk VII van die Handves van die Verenigde Nasies.⁸³ Hoofstuk VII van die Handves van die Verenigde Nasies bevat 'n aantal afdwingingsmeganismes wat aan die Veiligheidsraad beskikbaar gestel is ten einde die handhawing van die internasionale vrede en veiligheid te verseker.

Optredes wat deur die Verenigde Nasies gesanksioneer kan word⁸⁴ sluit in:

- ekonomiese sanksies, byvoorbeeld boikotte, embargo's, aggressiewe tariefbeleid⁸⁵ en effektiewe blokkades⁸⁶;
- diplomatieke maatreëls, byvoorbeeld ongewapende monitors, vredesmagte⁸⁷ en humanitêre missies; en
- militêre sanksies, byvoorbeeld 'n wapenverbod.

5.1 Die aard en doelwit van gesanksioneerde optrede

Optrede teen 'n staat met die toestemming van die Veiligheidsraad kan uitgevoer word deur 'n individuele staat of die stategemeenskap as 'n

83 Aanhangsel van resolusie 3314(XXIX) van 1974 van die Algemene Vergadering in Rauschnig, Wiesbrock en Lailach *Key Resolutions* 13-14.

84 Kirgis 1996 <http://www.asil.org/insights/insight1.htm> 13 Maart 2002.

85 Die verhoging van tariewe kan as dwangmaatreël ingestel word.

86 Roberts 1999 *The World Today* 9; Neff 1981 *Columbia Journal of Transnational Law* 422.

87 Die konflik word op 'n diplomatieke wyse bemiddel wat beskerming van mense-regte beklemtoon. Vergelyk Burk 2000 <http://www.la.utexas.edu/research/pwasa/journals/pr12-3.htm> 9 Julie 2002.

geheel,⁸⁸ en is daarop gerig om 'n staat se interne of eksterne beleid⁸⁹ te wysig. Sodanige optrede kan negatiewe politieke, sosiale en ekonomiese gevolge hê vir die teikenstaat en sy burgers. Die feit dat ekonomiese sanksies die menseregte van die burgers van 'n teikenstaat kan misken, word as onvermydelik beskou in die Volkereg.⁹⁰ Die uithongering van die teikenstaat se burgers as instrument van politieke magsuitoefening,⁹¹ asook die aanval, verwoesting of verwydering van enige toerusting en middele wat aangewend word om die inwoners van 'n land te voed, word in die algemeen verbied. Die motief vir so 'n optrede is irrelevant.⁹² Elke burger van 'n staat het die reg op genoegsame voedsel. Hierdie reg op voedsel, wat noodwendig impliseer dat 'n persoon geregtig is op die hoogste mate van gesondheid asook die middele wat daartoe sal bydra ongeag die heersende toestand in 'n land, word as 'n fundamentele reg beskou.⁹³ Die Veiligheidsraad besef dat die skending van menseregte onvermydelik kan wees waar 'n mandaat vir die toepassing van ekonomiese sanksies verleen is en poog om hierdie situasie te versag deur die verlening van humanitêre hulp, maar die effektiwiteit van die hulp sal afhang van die samewerking

88 Sanksies kan toegepas word deur 'n enkele staat of state wat multilaterale verdrae sluit ten einde die toepassing van sanksies te reguleer. Regionale organisasies en organe van die Verenigde Nasies is ook bemaatig om sanksies toe te pas. Vergelyk Kirgis 1996 <http://www.asil.org/insights/insight1.htm> 13 Maart 2002.

89 Gewoonlik word radikale wysigings as oogmerk gestel, onder andere beëindiging van die miskenning van menseregte, of vervanging van 'n staat se regering. Dikwels word die doelwit indirek gestel. 'n Langtermyn verbetering in die politieke situasie word as doelwit gestel sodat so 'n staat uiteindelik deur die buiteland in 'n beter lig beskou kan word. Daar word gepoog om 'n situasie te bereik waar die burgers van so 'n staat se regte binne- en buitelandse behoorlik erkenning sal geniet.

90 Roberts 1999 *The World Today* 10.

91 Die *International Conference on Nutrition, World Declaration on Nutrition* FAO/WHO, 1992 soos in <http://www.iacenter.org/sanction.htm> 11 April 2002.

92 Protokol 1 Aanhangsel tot die *Geneefse Konvensie* van 1977 (Deel IV, Artikel 1, Hoofstuk III, Artikel 54) soos in <http://www.iacenter.org/sanction.htm> 11 April 2002.

93 Vergelyk die aanhef van die *Constitution of the World Health Organization*, 1946 en artikel 25(1) *Universal Declaration of Human Rights*, 1948 soos in <http://www.iacenter.org/sanction.htm> 11 April 2002.

deur die teikenstaat se regering. Die regering moet uiteraard bereid wees om die goedere op sy grondgebied toe te laat en te help versprei.⁹⁴

Die beoogde beleidwysiging vind egter slegs in uitsonderlike gevalle plaas aangesien 'n staat sy interne of eksterne beleid alleen sal wysig indien hierdie waarskynlike negatiewe gevolge uitermatige druk op die teikenstaat plaas.

Gesanksioneerde optrede, ten einde suksesvol te wees, moet 'n duidelik geformuleerde doelwit daarstel.⁹⁵ Hoe minder fundamenteel die voorgestelde wysigings ten aansien van die teikenstaat se binne- of buitelandse beleid is en hoe meer realisties die bereiking daarvan is, hoe groter is die kans op sukses. Soms is dit nodig om militêre optrede in samewerking met die gesanksioneerde optrede toe te pas ten einde sukses te verseker.⁹⁶

State moet binne die grense van die gesanksioneerde optrede handel. Dus word 'n individuele staat of die stategemeenskap as geheel verbied om strydig met die Veiligheidsraad se resoluë te handel.

5.2 *Ekonomiese geweld teenoor gesanksioneerde optrede*

Ekonomiese sanksies en ekonomiese geweld is beide gemik op die bereiking van 'n oorhoofse doelwit by wyse van ekonomiese drukuitoefening. Beide het gewoonlik as oogmerk die wysiging van die binne- of buitelandse beleid van 'n staat. 'n Staat oefen dus in beide gevalle politieke druk op 'n ander staat by wyse van ekonomiese isolasie uit. Dit het tot gevolg dat die stabiliteit van 'n regering ongunstig beïnvloed word.

94 Roberts 1999 *The World Today* 9-10.

95 Die doelwit sal wees om maksimum invloed op die teikenstaat uit te oefen teen die minimum onkoste.

96 Militêre optrede verhoed of beperk defensiewe optrede deur die teikenstaat en oefen ook kontrole uit oor die implementering van die gesanksioneerde optrede ten einde sukses te waarborg. Roberts 1999 *The World Today* 9-10.

Die motief vir die betrokke optrede moet ondersoek word, asook die noodsaaklikheid en meriete daarvan. Die aard en redelikheid van die optrede in die lig van die heersende omstandighede moet ook in ag geneem word. Regmatige optrede word dus vereis. Elkeen van die vorme van ekonomiese drukuitoefening het sy eie vereistes vir regmatigheid. 'n Staat wat ekonomiese sanksies toepas, moet binne die omvang van die mandaat van die Veiligheidsraad optree. Die uitoefening van ekonomiese geweld moet deur die stategemeenskap ondersteun word.⁹⁷ Die rig van berekende negatiewe gevolge op die burgers van 'n ander staat ten einde politieke of ekonomiese beleidswysigings af te dwing, is *prima facie* onredelik en daarom word internasionale steun vereis ten einde regmatigheid te waarborg.

Konsekvente aanwending kan in beide gevalle nie gewaarborg word nie. Die inherente nadele verbonde aan 'n gesanksioneerde optrede kan die sukses van die maatreël beïnvloed. State wat nie die optrede steun nie sowel as beperkte finansiële en tegniese middele, sal ook 'n invloed hê. Die politieke en ekonomiese motiewe van state verskil en sal noodwendig die konsekvente aanwending van die dwangmaatreëls beïnvloed.

Ekonomiese sanksies en ekonomiese geweld kan omvattend of selektief van aard wees. Omvattende ekonomiese sanksies of ekonomiese geweld het tot gevolg dat alle handelsbande met 'n teikenstaat verbreek word terwyl selektiewe maatreëls 'n beperking plaas ten aansien van sekere produkte, dienste of tegnologie. Hoe minder omvattend en meer spesifiek die beoogde maatreëls is, hoe meer word die negatiewe gevolge daarvan beperk.

Beide vorme van ekonomiese dwang word nie slegs deur state toegepas nie. Regionale organisasies en gespesialiseerde agentskappe van die

97 'n Staat wat ekonomiese geweld toepas kan bepaal of die internasionale stategemeenskap die optrede steun deur die gebruikmaking van diplomatieke kanale.

Verenigde Nasies beskik ook oor die gesag om van hierdie meganismes gebruik te maak.

Die vrye markstelsel en universele menseregte word deur beide ekonomiese sanksies en ekonomiese geweld verontagsaam. 'n Verlaagde lewenstandaard van die teikenstaat se burgers is onvermydelik weens die nadelige invloed op so 'n staat se ekonomie.

Griffin⁹⁸ beskou ekonomiese geweld en ekonomiese sanksies as vorms van geweld wat daarop gerig is om 'n sekere politieke doelwit te bereik, te wete die wysiging van die teikenstaat se interne of eksterne beleid. Volgens haar is beide vorme van dwanguitoefening nie gemik op die vreedsame oplossing van geskille nie en kan die dwanguitoefening nie politiek geregverdig word nie aangesien slegs een staat die nadelige gevolge dra. Verder kan daar ook nie gewaarborg word dat slegs die geïdentifiseerde teikens, byvoorbeeld die regering, daardeur geraak sal word nie. Haar standpunt verleen steun aan die benadering dat daar nie 'n werklike verskil tussen ekonomiese geweld en gewapende geweld bestaan veral wat die gevolge betref nie.

Haar standpunt kan egter nie ondersteun word nie aangesien ekonomiese geweld en ekonomiese sanksies duidelik onderskei word van 'n gewapende aanval. Aggressie is onregmatige optrede in die Volkereg omdat die internasionale vrede en veiligheid daardeur bedreig word. Soortgelyk aan ekonomiese geweld, word ekonomiese sanksies nie by wyse van 'n gewapende aanval uitgeoefen nie. Tog kan aangevoer word dat die internasionale vrede en veiligheid ook bedreig kan word weens die aard van en reaksie op ekonomiese sanksies en ekonomiese geweld. Die implementering van handelsbeperkings sal 'n negatiewe ekonomiese invloed nie alleen op die teikenstaat hê nie, maar ook op ander state. Sodanige situasie kan 'n bedreiging vir die internasionale vrede en veiligheid daarstel.

98 Griffin 1999 <http://www.casi.org.uk/discuss/1999/msg00123.html> 12 Maart 2002.

Die verskil is daarin geleë dat sanksies gesanksioneer word deur die Veiligheidsraad en die regmatigheid daarvan afhang of daar binne die grense van die resolusie gehandel word. Ekonomiese geweld word nie uitgeoefen met die toestemming van die Veiligheidsraad nie, en die doelwit van die ekonomiese geweld sal uiteindelik die regmatigheid daarvan bepaal. Resolusie 50/51 van 1995⁹⁹ stel dit duidelik dat die Veiligheidsraad deurentyd die aard, oogmerk en metode van die gesanksioneerde optrede moet ondersoek. Geen kontroleringsmaatstawwe bestaan egter ten aansien van ekonomiese geweld nie.

6 Gevolgtrekking

Die Verenigde Nasies is die enigste nie-staatlike instelling belas met die handhawing van die internasionale vrede en veiligheid. Die Veiligheidsraad kan uit hoofde van Hoofstuk VI en VII van die Handves van die Verenigde Nasies stappe neem en toestemming verleen tot optredes ten einde dié oorhoofse doelwit te realiseer. Nie alleen is die Verenigde Nasies met hierdie plig belas nie, maar daar rus 'n verpligting op alle state om die internasionale vrede en veiligheid te verseker en te bevorder. 'n Effektiewe wyse om hierdie doelwit te bereik, is deur die uitoefening van ekonomiese geweld. Die instandhouding van internasionale verhoudinge is 'n onophoudelike proses. Die gebruikmaking van ekonomiese geweld teen 'n sekere staat, moet nie in isolasie beskou word nie. Die staat wat die dwangmaatreëls toepas, stel langtermyn beleidswysigings deur die teikenstaat in die vooruitsig en die optrede is nie daarop gemik om 'n staat sporadies te straf vir miskenning van internasionale verpligtinge nie.

Ekonomiese geweld word gewoonlik geag 'n regsgeldige inter-staatlike handeling te wees alhoewel volkeregtelike beginsels soos die vrye internasionale handel, soewereiniteit van 'n staat en erkenning van die individu se inherente waardigheid deur die toepassing daarvan misken kan word.

99 Rauschnig, Wiesbrock en Lailach *Key Resolutions* 91.

'n Onderzoek na die motivering vir ekonomiese geweld behoort vooraf geloods te word, aangesien die redelikheid en regsgeldigheid van sodanige optrede daardeur bepaal sal word. Ekonomiese geweld sal noodwendig voordele en nadele vir verskillende state¹⁰⁰ inhou. Solank die stategemeenskap die motivering en toepassing van ekonomiese geweld in 'n spesifieke geval ondersteun, sal die toepassing daarvan as redelik en regsgeldig beskou word. In so 'n ondersoek na die regsgeldigheid van 'n optrede, behoort die volgende aangeleenthede aandag te geniet: Is sodanige optrede in belang van die stategemeenskap of slegs 'n enkele staat? Is die negatiewe gevolge daaraan verbonde versoenbaar met die doel wat beoog word? Regverdig die metode die uiteindelijke doel? Kan die uiteindelijke doelwit redelikerwys bereik word deur die metode, met ander woorde is sukses moontlik deur die aanwending van ekonomiese geweld?¹⁰¹ Ekonomiese geweld wat daarop gemik is om die territoriale integriteit of politieke onafhanklikheid van 'n ander staat te misken, sal nie as regsgeldig beskou word nie.

'n Ontleding van artikels 2(4) en 51 van die Handves van die Verenigde Nasies maak dit duidelik dat ekonomiese geweld nie onder een van hierdie artikels tuisgebring kan word nie, aangesien beide artikels van toepassing is op gewapende geweld. Ekonomiese geweld word gevolglik nie deur artikel 2(4) verbied of deur artikel 51 toegelaat nie. Die vergelykende ondersoek tussen ekonomiese geweld en ekonomiese sanksies as gesanksioneerde optrede, toon ook duidelik dat ekonomiese geweld wat 'n regsgeldige oogmerk nastreef, as 'n regmatige handeling deur die internasionale stategemeenskap beskou word. Ekonomiese geweld is dus 'n nuttige internasionale dwangmaatreël waarvan die regsgeldigheid sal afhang van die vraag of die internasionale vrede en veiligheid daardeur bedreig word.

100 Die hulpverlenende staat kan ook in sekere gevalle negatiewe ekonomiese gevolge ervaar, afhangende van die invloed van die teikenstaat se ekonomie op die hulpverlenende staat se ekonomie.

101 Neff 1981 *Columbia Journal of Transnational Law* 435-436.

Bibliografie

Boeke

Dugard J *International Law A South African Perspective* 2de uitg (Juta Kaapstad 2000)

Rauschnig D, Wiesbrock K en Lailach M *Key Resolutions of the United Nations General Assembly 1946-1996* (Cambridge University Press, Cambridge 1997)

Shearer IA *Starke's International Law* 11de uitg (Butterworths Durban 1994)

Grondwette

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996

Hofsake

Nicaragua v VSA 1986 ICJ Reports 14

Internet

Bowring B 2003 UN Security Council Resolution 1441 does not Contain the Magic Words "All Necessary Means" (Gevind op Internet) <http://members.tripod.com/kosovo99/all.htm> (Datum van gebruik 5 November 2003)

Brownlie I 2001 International Law and the Use of Force by States (Gevind op Internet) <http://www.europaeum.org/lectbrow.shtml> (Datum van gebruik 9 Julie 2002)

Burk J 2000 What Justifies Peacekeeping? Peace Review vol 12 no 3 2000 (Gevind op Internet) <http://www.la.utexas.edu/research/pwasa/journals/pr12-3.htm> (Datum van gebruik 9 Julie 2002)

Griffin H 1999 Comment on Sanctions from Center for Economic and Social Rights (Gevind op Internet) <http://www.casi.org.uk/discuss/1999/msg00123.html> (Datum van gebruik 12 Maart 2002)

Kirgis FL 1996 ASIL Insights Enforcing International Law (Gevind op Internet) <http://www.asil.org/insights/insight1.htm> (Datum van gebruik 12 Maart 2002)

Ministeriële verklaring (XXXIII) 1999 van die Groep van 77 (Gevind op Internet) <http://www.g77.org/Docs/Decl1999.html> (Datum van gebruik 9 Julie 2002)

Protokol 1 Aanhangsel tot die *Geneefse konvensie* van 1977 (Deel IV, Artikel 1, Hoofstuk III, Artikel 54); *International Conference on Nutrition, World Declaration on Nutrition*, FAO/WHO, 1992; *Constitution of the World Health Organization*, 1946 en die *Universal Declaration of Human Rights*, 1948 (Gevind op Internet) <http://www.iacenter.org/sanction.htm> (Datum van gebruik 11 April 2002)

Smith D 2003 Authority for War IS an Issue (Gevind op Internet) http://www.fcni.org/issues/int/sup/iraq_authority320-03.htm (Datum van gebruik 5 November 2003)

Ulfstein G 2001 SC Resolution 1368 and Self-defence (Gevind op Internet) http://www.ejil.org/forum_WTC/messages/5.html (Datum van gebruik 9 Julie 2002)

Universal Declaration of Human Rights (Gevind op Internet) <http://www.un.org/rights/50/decla.htm> (Datum van gebruik 5 November 2003)

Tydskrifartikels

Ali AJ en Camp RC "Economic Sanctions: Obstruction or Instrument for World Trade?" 1999 *Managerial Finance* 66-75

Farer TJ "Political and Economic Coercion in Contemporary International Law" 1985 *The American Journal of International Law* 405-413

Green LC "Force and Law in the International Community" 1989 *Columbia Journal of Transnational Law* 483-504

Greig DW "Self-defense and the Security Council: What does Article 51 Require?" 1991 *International and Comparative Quarterly* 366-402

Hargrove JL "The *Nicaragua* Judgement and the Future of the Law of Force and Self-defense" 1987 *The American Journal of International Law* 135-143

Henkin L "The Invasion of Panama Under International Law: A Gross Violation" 1991 *Columbia Journal of Transnational Law* 293-317

Higginbotham FM "International Law, the Use of Force in Self-defence, and the Southern African Conflict" 1987 *Columbia Journal of Transnational Law* 529-592

Kritsiotis D "The Legality of the 1993 US Missile Strike on Iraq and the Right to Self-defence in International Law" 1996 *International and Comparative Law Quarterly* 162-177

McNeill JH (Boekresensie van "'War, Aggression and Self-defence' by Yoram Dinstein. Grotius Publications Ltd Cambridge, England 1988.") 1990 *The American Journal of International Law* 305-308

Moore JN "The *Nicaragua* Case and the Deterioration of World Order" 1987 *The American Journal of International Law* 151-159

Neff SC "The Law of Economic Coercion: Lessons from the Past and Indications of the Future" 1981 *Columbia Journal of Transnational Law* 411-437

Paust JJ (Boekresensie van "'Use of Force Under International Law' by JN Singh. Harnam Publications, New Delhi 1984.") 1987 *The American Journal of International Law* 508-510

Roberts A "Willing the End But Not the Means" 1999 *The World Today* 8-12

Rogoff MA en Collins E (jr) "The *Caroline* Incident and the Development of International Law" 1990 *Brooklyn Journal of International Law* 493-510

Sofaer AD "The Legality of the United States Action in Panama" 1991 *Columbia Journal of Transnational Law* 281-317

VN Dokumentasie

Algemene Vergadering

Resolusie 503(VI) van 1952: *Methods Which Might Be Used to Maintain and Strengthen International Peace and Security in Accordance With the Purposes and Principles of the Charter*

Resolusie 637(VII) van 1952: *The Right of Peoples and Nations to Self-determination*

Resolusie 1236(XII) van 1957: *Peaceful and Neighbourly Relations Amongst States*

Resolusie 2160(XXI) van 1966: *Strict Observance of the Prohibition of the Threat or Use of Force in International Relations and the Right of Peoples to Self-determination*

Resolusie 2625(XXV) van 1970: *Declaration on Principles of International Law Concerning Friendly Relations and Co-operation Among States in Accordance with the Charter of the United Nations*

Resolusie 3314(XXIX) van 1974: *Definition of Aggression*

Resolusie 34/88 van 1978: *Declaration on International Co-operation for Disarmament*

Resolusie 42/22 van 1987: *Declaration on the Enhancement of the Effectiveness of the Principles of Refraining from the Threat or Use of Force in International Relations*

Resolusie 44/215 van 1989: *Economic Measures as a Means of Political and Economic Coercion Against Developing Countries*

Resolusie 50/6 van 1995: *Declaration on the Occasion of the Fiftieth Anniversary of the United Nations*

Resolusie 50/51 van 1995: *Implementation of Charter Provisions Related to Assistance to Third States Affected by the Application of Sanctions*

Handves

Handves van die Verenigde Nasies

Veiligheidsraad

Resolusie 1368/2001: *Threats to International Peace and Security Caused by Terrorist Acts*